**Skriflesing:** Openbaring 7:9-17
**Tema:** Lig jou kop op en leef!

Die Bybel maak dit baie duidelikheid dat ons ons nie moet besig hou met toekoms-voorspellers, met die sterre voorspel en kristalballe nie. Maar wonder jy nie ook soms wat die toekoms vir ons inhou nie? Is jy nie net so bietjie lus om die voorspellers te besoek nie?

Dit is nie nodig nie, want ons toekoms is bekend! Ons is nie seker wat gaan gebeur in die paar jaartjies wat ons nog op aarde is nie, maar van wat daarna gaan gebeur is ons 100 % seker.

Komons begin voor: Christenwees in die tyd wat God hierdie openbaring aan Johannes op die eiland Patmos maak, is nie maklik nie. Johannes het dit aan sy eie lyf ervaar. In Openbaring 1:9 skryf Hy: "Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het.

Ons het in Openbaring 7:14 gelees dat die groot menigte mense voor die troon uit die verdrukking kom.

Die gelowiges moet weet dat hulle, veral deur die Romeinse owerheid, vervolg gaan word. Ons lees in Openbaring 2:10: "Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee."
Dit sal so erg wees dat dit sal lyk of die kerk doodgemaak is. Ons weet, dat namate die wederkoms waarvan ons hier lees naderkom, ons verdrukking al erger sal word.
In Matteus 24:21 staan daar: "want in daardie tyd sal daar so 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nie weer sal wees nie."

Wat is die oorsprong van die vervolging en verdrukking in die tyd van Openbaring?
Christene het in hierdie tyd in 2 groot verhoudings gestaan - met die Jode en die heidense gemeenskap.
Dit klink vir my of, in dit wat hulle beleef, daar heelwat ooreenkomste is met wat baie Christene vandag beleef. Luister of jy ook iets hiervan vandag ervaar?

Volgens die Romeinse reg was enige godsdiens onwettig sodra dit beoefen is buite die grense van die plek waar dit ontstaan het. Die Jode was egter 'n uitsondering op die reël en is toegelaat om dwarsdeur die Romeinse Ryk gemeenskappe te vorm waar hulle hulle nasionale Joodse godsdiens kon beoefen. Vir 'n tyd lank het die Christene as 'n sogenaamde "Joodse sekte" onder die Joodse sambreel vertoef.
Geleidelik het Christene se verhouding met die Jode vertroebel. Die Jode het die Christene ook in 'n stadium uit die sinagoges geskop.
Die Christene het tog nog in sommige dele van die Ryk probeer om nie vir die Jode tot aanstoot te wees nie en in vrede met hulle te lewe. Daarom het hierdie Christene nie oor hulle geloof getuig nie.
Christene word teen dié "louheid" en gebrek aan geesdrif gewaarsku.

Christene het ook in 'n heidense gemeenskap geleef. Die Romeinse staat se godsdiens was intiem verweef met hul politieke en sosiale lewe. Simbole van die ou vrugbaarheidsgebruike en van die verering van die staat en selfs die keiser, het bly voortleef in die tempels en op baie ander plekke.
Op allerhande maniere het die heidendom hom daagliks aan die Christene opgedring.
Dit is híérteen dat die Christene (veral die bekeerde Jode) hulle verset het. Hulle het afsydig gestaan teen die heidense godsdienstige gebruike. Hierdie optrede is as vyandigheid en teen die algemene publieke belang gesien.

Daarby moes Christene uit die heidendom ook lid van verskillende verenigings wees om ingeskakel te wees by die ekonomie van die dag. Lidmaatskap van dié verenigings het meegebring dat aan sekere godsdienstige seremonies deelgeneem moes word.
Die brandende vraag was: Wat moet die Christene nou doen? Deelneem aan die heidense seremonies of ekonomiese en sosiale selfmoord pleeg?

Die doel van Openbaring is onder andere omChristene te waarsku teen gerustheid, saamlopery met die Jode, geestelike koudheid en deelname aan die heidense gebruike.
Die uniekheid van Jesus as die Seun van God word sterk beklemtoon en dien as motivering waarom die Christene moet vasstaan teen die Jodedom én die heidendom.

Maar ons moet ook weet: God sal ons deur uiterlike skade en lyding heen tot heerlikheid lei. God se triomf met die gelowiges breek in heerlikheid met die nuwe hemel en aarde aan.

Ons wat vandag swaarkry en al meer sal swaarkry as kinders van die Here, hoe lyk ons toekoms? Waarheen is ons oppad?
God gee vir ons ‘n blik op ons toekoms, en in die volgende 3 weke gaan Hy uit Openbaring vir ons die prentjie al duideliker teken.

Op die troon is God, Hy heers. Aan Sy regterkant is Jesus Christus, die Lamwat vir ons sondes geslag is en as oorwinnaar opgestaan het.

Om die troon is al die engele, die 24 ouderlinge (simbolies van die kerk in geheel) en die 4 lewende wesens (simbolies van die skepping). Hulle kniel met hul gesigte na die grond en aanbid God. Let op die amen (kragtige bevestiging – dit is seker, vas en waar) aan die begin en aan die einde van die lofprysing en ook op die lidwoord “die” voor elke saak wat besing word. Dit is nie meer "’n" heerlikheid nie, maar díé heerlikheid, dit wil sê die enigste, ware heerlikheid.

Voor die troon is ons as gelowiges. Ons het wit skoongewaste klere aan. Ons sondes is vergewe deur Jesus Christus. Ons is ‘n ontelbare menigte. Ons het klaar die stryd gestry. As triomferende oorwinnaars is ons uit elke nasie, stam, volk en taal bymekaar.
Die Palmtakke in ons hande dui op feestelike vreugde en oorwinning.
Ons is besig met 2 goed: om God gedurig (dag en nag) se lof te besing (Openbaring 7:10) en ons dien Hom dag en nag.

En God sal by ons bly: Hy vou almal en alles toe en omarm dit met sy beskermende teenwoordigheid! Ons lees daarvan in Openbaring 7:16-17: “Hulle sal nie meer honger en

nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie, want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei; en God sal al die trane van hulle oë afdroog.”

Al ons bekommernisse en dinge wat ons batterye papmaak is iets van die verlede. Beproewing en verdrukking is verby, ons sonde is vergewe en die dood is doodgemaak.

Gelowiges, wat donker van beproewing en vervolging ervaar, skep moed want ons behoort aan God en ons is oppad na ‘n triomfanklike einde – in volmaakte aanbidding, lofprysing en diens sal ons in die teenwoordigheid van die Vader en die Seun feesvier.
Ons weet wat ons toekoms inhou – juis daarom kan ons vandag ons koppe oplig en leef!
Amen